In die beoefening van wet en orde kan nie van bo-af vir die gemeenskap voorgeskryf word wat hulle moet doen en hoe die indiwidu moet lewe nie.'n Staat wat diè weg probeer inslaan gaan net mislukking tegemoet. Mense kan gelei word maar hulle laat hulle nie bedryf nie. Medewerking moet verkry word van die indiwidu om die polisiëring van 'n land suksesvol te maak (Kenny, 1975:72).

Kenny (1975:72) meen dat die beste wyse waarop medewerking verkry kan word, is dat die Polisiediens met die indiwidu beraad moet hou – dus beraadslaging moet plaasvind. Dit is nie 'n aspek wat met een slag afgehandel kan word nie. Beraadslaging sal keer op keer hervat en voortgesit moet word.

Die Polisiediens moet baie geduld en takt aan die dag lê en begrip hê daarvoor dat moeilikhede soms spruit uit probleme wat deel is van die lewenswyse van die indiwidu. Dit moet hier beklemtoon word dat die Staat nie vir die indiwidu besluite kan neem nie. Die Staat moet in die verband leiding gee sonder dat die indiwidu voel hy word op sleeptou geneem (Pieterse, 1994:5).

Hoofstuk 14 van die Oorgangsgrondwet bepaal dat daar, kragtens 'n wet van die Parlement van Suid-Afrika (na 27 April 1994) 'n Suid-Afrikaanse Polisiediens tot stand sal kom wat op beide nasionale en provinsiale vlakke gestruktureer sal wees. Dit sal volgens voorskrifte van beide die nasionale en provinsiale regerings funksioneer. (Suid-Afrika(Republiek).Grondwet. Wet nr 200 van 1993). Die gemelde wet sal vir die aanstelling van 'n Nasionale Kommissaris vir die Polisiediens en 'n Provinsiale Kommissaris vir elk van die provinsies (soos die geografiese gebiede nà April 1994 bekend sal staan), voorsiening maak.

Dieselfde wet sal ook vir eenvormige standaarde ten opsigte van die volgende aangeleenthede voorsiening maak:

- Die uitoefening van polisiebevoegdhede.
- Nasionale beskermingsdienste.
- Die handhawing van binnelandse veiligheid in die Republiek.
- Internasionale polisieskakeling.
- Die voorsiening van Forensiese Laboratoriumdienste.
- Polisiëring met betrekking tot grensbeheer en beheer oor die in- en uitvoer van goedere soos wetlik aan die diens opgedra.
- 'n Spesiale taakmag vir hoë risiko operasies wat spesiale vaardighede vereis.

Die Staat moet die toon aangee omdat hy sekere waardes en beskouings verteenwoordig wat deur die gemeenskap voorgestaan en gehuldig word, ook omdat hy beskik oor vaardighede en bedrywighede en oor kennis en insig in verband met die deurgronding van die probleem en die bepaling van die weg waarlangs die probleem opgelos kan word.

**Skrywer gaan van die standpunt uit dat:**

- Nie hulle wat die werk doen word op die voorgrond gestel nie maar hulle in wie se belang die werk gedoen word.
- Nie die eie eer van die indiwidu of die prestige van die Staat moet die hoofsaak wees nie, maar die gehalte van die diens wat gelewer word.

- Hoë eise moet gestel word sodat veel bereik kan word.

- Pligsgevoel moet gesien word as 'n dryfkrag van die Polisiediens, die indiwidu kan nie net vir homself leef nie, hy moet gemeenskapsgerig raak.

Hierdie karakteristiek geld nie slegs vir effektiewe polisiëring nie, maar vind ook sterk aansluiting by onderwysvoorsiening en dienste.

## 2.4 Beskerming van die lewe

"Elke mens het die reg op lewe. Geen persoon mag opsetlik sy of haar lewe ontneem word nie behalwe in die voltrekking van 'n doodvonnis opgelê ooreenkomstig artikel 6 van die International Covenant of Civil and Political Rights" (Suid-Afrika(Republiek). Regeringsvoorstelle oor 'n Handves van Fundamentele Regte, 1993:5). Hierdie bepalings verskans 'n persoon se lewe as fundamentele reg waarvan hy nie ontneem mag word nie. Sy reg op lewe hou ook in dat die Staat deur paslike strafregtelike sanksies effektiewe regsbeskerming teen moord en doodslag moet bied.

Volgens artikel 6 van die Internasionale Handves op Burgerlike en Politieke Regte mag die doodstraf slegs vir ernstige misdade opgelê word, maar nie op persone onder 18 jaar nie. Die doodvonnis mag slegs voltrek word na 'n finale vonnis deur 'n bevoegde hof.

Sover dit die doodstraf betref, laat die Handves die posisie soos dit tans is, in die hande van die Parlement. Die nuwe Parlement sal, indien hy wil, die doodstraf kan afskaf. En indien hy dit afgeskaf het, staan dit hom vry om dit weer in te stel indien die openbare mening dit vereis.

"Alle persone is gelyk voor die reg en geregtig op gelyke beskerming voor die reg" (Suid-Afrika(Republiek).Regeringsvoorstelle oor 'n Handves van Fundamentele Regte, 1993:6). Hierdie verbod teen enige vorm van diskriminasie het ten doel dat almal gelyke toegang tot die howe het, dat almal geregtig is op gelyke regshulp as hulle regte aangetas word, en dat algemene wette almal op gelyke wyse bind.

## 2.5 Wetgehoorsame burgers

"Niemand mag bevoordeel of benadeel word bloot op grond van ras, kleur, taal, geslag, geloof, etniese herkoms, sosiale stand, afkoms, politieke of ander opvattings, of gebrek of ander natuurlike eienskappe". Subartikel 2 van gelykheid voor die reg (Suid-Afrika(Republiek). Regeringsvoorstelle oor 'n Handves van Fundamentele Regte, 1993:6).

'n Wet word geag nie in stryd met artikel 2 te wees nie indien daardie wet voorsiening maak vir spesiale maatreëls met as enigste oogmerk die bevordering van die ontwikkeling en vooruitgang van indiwidue ten einde hulle in staat te stel om hulle potensiaal ten volle te ontwikkel en uit te leef en op gelyke grondslag met, en met in agneming van die belange van ander gemeenskappe, groepe en indiwidue, hul fundamentele regte uit te oefen en te geniet. Die bepaling stel dit ook duidelik dat waar die Handves regte verleen, daardie regte op 'n verantwoordelike wyse uitgeoefen moet word sodat dit nie inbraak maak op die staat se wette nie. Die Parlement kan enige wet aanneem wat hy in sy wysheid goed vind. Die Staat is egter ook verplig om bepaalde behoeftes te bevredig.

"Elke persoon moet hom onderwerp aan die gedragskodes soos voorgeskryf deur die Staat en die Staat het die reg om dit te wysig"(Suid-Afrika(Republiek). Artikel 23, Regeringsvoorstelle oor 'n Handves van Fundamentele Regte, 1993:14). Dit gaan hier oor die reg van elke persoon om nie sy vryheid ontneem of aan ander dwangmaatreëls onderwerp te word nie. Omdat vryheidsberowing deur die owerheid een van die ernstigste skendings van 'n persoon se fundamentele regte is, is dit nodig geag om die gronde waarop die owerheid iemand mag aanhou volledig uit te spel in die grondwet. Hier moet gelet word op norme, sedes en waardes wat daargestel is.

Uit bogenoemde stelling kan afgelei word dat elke persoon medemenslike sorg van die hoogste orde met integriteit moet beoefen. Enige beweerde verbreking van die wet, etiese of gedragskodes sal deur die regsafdeling ondersoek word. Indien 'n persoon skuldig bevind word, sal hy getugtig word in ooreenstemming met die tugmaatreëls soos voorgeskryf in die wette van die land.

## 2.6 Administratiewe Pligte

Wetgehoorsaamheid lei na administratiewe pligte wat die indiwidu moet nakom. Dit is elke indiwidu se plig om geboortes te registreer. Hierdie registrasies word dan in 'n bevolkingsregister opgeneem. Dit is dan die Direkteur-generaal se plig om aan elke persoon wie se naam in die bevolkingsregister opgeneem is, 'n identiteits- en geboorte-inskrywingsnommer toe te wys. (Suid-Afrika(Republiek). Wet op identifikasie.Wet nr 114 van 1986). 'n Sertifikaat van geboortebesonderhede soos in artikel 7 uitgeengesit, word dan uitgereik.

Dit is die plig van elke jongeling indien hy reeds die ouderdom van 16 jaar bereik het om aansoek te doen om 'n identiteitsdokument op die voorgeskrewe vorm en dit in te dien by die Departement van Binnelandse Aangeleenthede, tesame met twee voorgeskrewe eksemplare van 'n onlangse foto van homself.

Hy/sy moet sy/haar vingerafdrukke op die voorgeskrewe wyse laat neem sodat dit in die bevolkingsregister opgeneem kan word. 'n Identiteitsdokument sal dan aan die indiwidu uitgereik word ingevolge artikel 8(1a) (Suid-Afrika(Republiek).Wysigingswet op Identifikasie, No. 4 van 1993). Elke indiwidu is volgens die Kieswet, 1979 (Suid-Afrika(Republiek).Kieswet No. 45 van 1979) verplig om identiteitsdokument te besit alvorens hy geregtig is om as kieser geregistreer te wees.

Geen persoon wat onder die ouderdom van 16 jaar is, word toegelaat om in besit van 'n wapen of ammunisie te wees nie. 'n Persoon bo die ouderdom van 16 moet aansoek doen vir 'n lisensie indien hy/sy 'n vuurwapen en ammunisie wil bekom. (Suid-Afrika(Republiek). Artikel 14 van Wet No. 117 van 1992 - Wet op Wapens en Ammunisie). Die Minister kan, wanneer hy dit in belang van die openbare veiligheid of die handhawing van wet en orde nodig ag, 'n lisensie, kragtens die voorwaardes daaraan verbonde, uitreik.

Alle motorvoertuie moet deur hulle eienaars geregistreer en gelisensieer wees alvorens hulle op 'n openbare pad gebruik mag word. Net so moet die bestuurder van 'n motorvoertuig gelisensieer wees. (Suid-Afrika(Republiek). Padverkeerswet, Wet No. 73 van 1991). Die bestuurder moet in besit wees van 'n leerlinglisensie of 'n bestuurderslisensie en dit moet voldoen aan die klas voertuig wat hy bestuur.

## 2.7 Onderwysdienste

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Daar word wêreldwyd aanvaar dat onderwys aan alle lede van die bevolking verskaf sal word. Openbare skole en universiteite is welbekende instellings in elke gemeenskap. Die voorsiening van skool- en universiteitsgeboue, toerusting vir die geboue, die skep van biblioteke en die voorsiening van ander benodigdhede, asook personeel, is ingewikkelde en duur ondernemings. Vir die verrigting van die veelvuldige funksies wat met die verskaffing van onderwys gepaard gaan, word 'n verskeidenheid paslik gekwalifiseerde werknemers vereis (Cloete, 1993:264). In hierdie verband spreek Sanders (1991:6) hom sterk soos volg hieroor uit:

**"Over and above training people adequately and cementing a mutual beneficial relationship with the individual the government has a number of other responsibilities and services to ensure that maximum benefit is derived from the economic environment such as education ..."**

Pretorius (1991:16) maak 'n treffende opmerking waarin hy uitwys hoe gesag in die onderwysdiens gehandhaaf word.

Hy word vervolgens in hierdie verband aangehaal:

**"In die Onderwysdiens bepaal die funksies, tesame met die aard en mate van gesagsbekleding, wat aan 'n spesifieke beroep gekoppel word, die aard en status daarvan".**

Gesag is 'n juridiese begrip en verleen aan die gesagsdraer die reg om in 'n dringende hoedanigheid te mag optree. Die omvang van gesag hang saam met die juridiese ordening daarvan.

Volgens Artikel 10 Kinderwet (A.N.C. Draft Bill of Rights):-

**"All children shall have a right to ... education ... The State shall, to the maximum of its available resources, seek to achieve progressively the full realisation of these rights".**

**"Education shall be free, compulsory, universal and equal for all children. Higher education and technical training shall be opened to all by means of state allowance and scholarships awarded on the basis of merit" (A.N.C. Draft Bill of Rights, 1993:12).**

Die Regeringsvoorstelle oor 'n Handves van fundamentele Regte (1994:10) lê die volgende beginsels neer:

- Elke leerling en student, ongeag ras of kleur is geregtig op gelyke toegang tot staats- en staatsondersteunende onderwysinstellings.

- Leerlinge verkry die reg op moedertaalonderwys indien dit haalbaar is.

- 'n Staatsondersteunde tersiêre onderwysinstelling bepaal self sy voertaal en religieuse en algemene karakter.

- Elke leerling is geregtig op ten minste primêre onderwys op staatsonkoste vir sover dit finansieel haalbaar is, maar ouers word nie daardeur onthef van finansiële bydraes nie. Leerlinge op 'n bepaalde vlak in sulke onderwysinstelllings het die reg op gelyke staatsteun ten opsigte van verpligte onderwys op daardie vlak.

Die Departement van Mannekrag ontwikkel opleidingsprogramme waarmee persone lewensvaardighede geleer word om aan die komplekse eise van 'n snelveranderende samelewing te kan voldoen, te kan ontwikkel, te kan aanpas en ekonomies meer effektief te raak (Posthumus 1991:57). Elke mens het 'n verantwoordelikheid om vaardighede aan te leer wat van hulle vereis word om 'n suksesvolle toekoms te bou en 'n positiewe gesindheid te ontwikkel ten opsigte van menseregte.

Sanders (1991:7) som hierdie verskynsel soos volg goed op:-

**"Through the vital role of schooling the individual is to be led to choose and practise his career without future frustration, instability, failure, stress or anxiety".**

## 2.8 Beroepsinligtingsdiens

Brown soos aangehaal deur Williams (1991:13) tabuleer die volgende benodigdhede vir beroepsinformasie:-

* Om die indiwidu voor te berei om by te hou met ontwikkeling.

* Om aan indiwidue die maksimum aantal beroepsvelde bekend te stel.

* Om 'n verstandhouding aangaande volgehoue opleiding in die verskeie beroepe te ontwikkel.

* Om die indiwidu te voorsien van informasie rakend skole, kolleges en ander opleidingsprogramme.

* Om 'n positiewe houding teenoor werksgeleenthede te ontwikkel.

* Om 'n verstandhouding rakend besluitneming en loopbaankeuse te ontwikkel.

Die insluit van menseregte in die kurrikula van die meeste vakke blyk uit die voorafgaande uitsprake imperatief te wees.

Du Toit (1991:28) is van mening dat die diens wat die Staat eerder gemik is op die bes moontlike benutting van elke indiwidu se talente, aanleg en vermoëns. Benewens genoemde behoeftes bestaan behoeftes ten opsigte van beroepsinligting, voorligting, aanpassingsdienste, indiensplasing en kindernooddiens.

Die departement wil deur hul Beroepsinligtingsdiens wanopvattings uitskakel en mense inlig oor wat in elke beroep van hulle verwag word. Geen persoon kan sonder inligting besluite neem nie. Inligting is nodig om 'n realistiese toekomsbeeld te vorm (Van der Lingen, 1991:28).

## 2.9 Voorligtingsdiens

Voorligting is volgens wetlike vereistes 'n taak vir geregistreerde sielkundiges. Hierdie diens is eintlik 'n professionalisering van die inligtingsdiens. Nie slegs 'n meganiese aksie soos die aflê van toetse om 'n persoon se vermoë vas te stel is nodig nie, maar elke indiwidu is verplig om sy waardes, behoeftes en strewes te oorweeg (Kruger, 1991:29).

Die sielkundiges moet die indiwidu lei tot 'n realistiese kennis van homself en sy lewensbeskouing. Hulle moet ook sulke persone help groei en ontwikkel tot by die punt waar hulle 'n selfstandige keuse kan maak (Du Toit, 1991:29).

Hierdie breë diens is voorkomend en ontwikkelend van aard en sluit alle sielkundige tegnieke in wat kan bydra tot sukses as mens.

## 2.10 Aanpassingsdiens

Die aanpassingsdiens is deel van die Voorligtingsdiens maar is meer terapeuties van aard. Kruger, soos aangehaal deur Van der Lingen (1991:29) maak die volgende uitspraak:

**"Dit is 'n spesiale diens vir staatsamptenare, iemand kan uit sy eie om hulp kom aanklop, of 'n departement kan 'n persoon daarheen verwys".**

Hierdie mense is nie siek mense nie. Dit is nie verkeerd om vir hulp by die aanpassingsdiens aan te klop nie en geen persoon wat van die diens gebruik maak se bevordering kom in die gedrang nie. Soms is dit nodig dat psigiaters, huisdokters, neuroloë en arbeidsterapeute buite die Staatsdiens genader word om bystand te verleen.

## 2.11 Indiensplasing

Werk is skaars en tog plaas die Departement jaarliks ongeveer 100 000 mense in diens. Meer as 1 000 van die persone is gestrem. Indiensplasing geskied selektief (Van der Lingen, 1991:28).

Die indiwidu is deesdae meer loopbaangerig en is daarom gedetermineerd om 'n sukses van sy/haar werkrigting te maak. Waar werk in die huis nie altyd as "werk" erkenning geniet nie, kan iemand wat in 'n beroep staan op sekere regte en voorregte aanspraak maak (Durand, 1987:12).

Guin (1989:11) vra of wyd uiteenlopende faktore nie dalk die mens beïnvloed om van hulle toegewyde werkers te maak nie. Hy meen verder dat motivering van die kant van die indiwidu 'n belangrike rol speel.

## 2.12 Kindernooddiens

Dienslewering aan kinders en hul gesinne is gebaseer op die volgende breë beleidsdoelstellings:

* Om die lewensgehalte van kinders en hul gesinne te verhoog;
* Om onbevoegde ouerskap te bekamp en daaraan aandag te gee;
* Om die nodige beskerming aan kinders te bied.

Die voorkoming en behandeling van kindermishandeling vorm 'n integrale deel van die diensleweringsproses wat spesifiek gemik is op die vroeë identifisering van kinders wat mishandel word, asook optrede ter beskerming van die kind. Die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) soos gewysig deur die Wysigingswet op Kindersorg, 1991 (Wet 86 van 1991) het die beskerming van kinders en die behandeling van kinders en hulle gesinne ten doel.

Alhoewel die Wet geen ander beroepsgroepe of persone verplig om gevalle van kindermishandeling of gevalle waar dit vermoed word, aan te meld nie, moet elke indiwidu daarop ingestel wees om sodanige gevalle aan te meld. Die vroegtydige identifisering van gevalle verseker tydige hulp en die nodige beskerming aan die kind. Kinderbeskermingsregisters word by elke kantoor van die departement gehou (Londt, 1992:8).

Vir die verskaffing van hierdie dienste moet die amptenare van die Staat beskik oor toepaslike opvoedkundige kwalifikasies en vaardighede wat deur onderwys en ervaring verkry word.

Die voorgenoemde funksionele bedrywighede van die staatsdepartemente en ander openbare instellings is geensins 'n volledige lys van die funksionele arbeidsvelde van die Staat en openbare instellings nie. Ander diensvelde wat vermeld en beskryf word, is gesondheidsdienste, pensioene en belasting.

## 2.13 Gesondheidsdienste

**"All children shall have the right to a name, to health, to security, education and equality of treatment"** (A.N.C. Draft Bill of Rights, 1993:11). Die Staat het die verantwoordelikheid om te bepaal watter vertakking van die maatskaplike sorg en gesondheidsdienste geldelike steun verdien, en om die steun ooreenkomstig bepaalde beginsels en op bepaalde voorwaardes toe te ken. Dit beteken ook dat dit geensins vanselfsprekend geag moet word dat alle gesondheidsdienste wat 'n bepaalde subsidieerbare mediese diens of onderwysdiens lewer, staatsteun sal ontvang nie.

Die Staat het ook 'n verantwoordelikheid betreffend die gesondheid van sy burgers. Hier moet dan ook gedink word aan rehabilitasiesentrums, ouetehuise, nedersettings vir liggaamlik gestremdes, blindes, ensovoorts (Segal, 1991:12).

Klousule 3 van artikel 13 (Suid-Afrika(Republiek), Regeringsvoorstelle oor 'n Handves van Fundamentele Regte, 1993:9) stel dit duidelik dat elke sorgbehoewende kind die reg het op mediese behandeling deur mediese persone in diens van die Staat of by mediese inrigtings wat deur die Staat bedryf word vir sover mediese behandeling deur die Staat verskaf word of met beskikbare personeel en fasiliteite verskaf kan word.

As instelling is die Staat verantwoordelik om persone wat in bewaring of aanhouding (gevangenisdienste) verkeer te versorg, (verblyf, voeding, klere en gesondheidsdienste). Die nasorg en toesig in verband met persone wat uit gesertifiseerde toevlugte, rehabilitasiesentrums en inrigtings vrygelaat word, behoort die verantwoordelikheid van die Staatsdiens te wees (Pieterse, 1994:5). Jones (1993:35) maak die volgende stelling in hierdie verband:

"The government should provide social welfare programmes to ensure that individual citizens who meet certain requirements are provided with health services, unemployment benefits and retirement pensions".

## 2.14 Pensioene

'n Aantal beginsels wat die beskerming van die indiwidu ten doel het en wat aan internasionaale erkende norme van die arbeidsreg voldoen, word hier neergelê. "Elke persoon het die reg om sy of haar bestaan of sy of haar afhanklikes se bestaan so goed moontlik deur middel van pensioen, mediese versekering of ander voorsorg te beveilig". Suid-Afrika(Republiek).Regeringsvoorstelle oor 'n Handves van Fundamentele Regte,1993:13).

Die bestaansbeveiligingsregte is gevolglik nie ingeklee as aansprake wat die indiwidu op die Staat het nie, maar as vryhede van die indiwidu waarop die Staat nie deur wetgewing inbraak mag maak nie. Aan die ander kant verhinder niks in die Handves die Staat om sy maatskaplike verantwoordelikhede teenoor sy burgers na te kom nie. Hierdie verantwoordelikheid móét trouens deur die Staat nagekom word. Die omvang waartoe die Staat maatskaplike bystand aan sy burgers bied, moet 'n politieke en nie 'n juridiese aangeleentheid wees nie.

Met betrekking tot die verhouding tussen die Staat en die indiwidu op die gebied van maatskaplike sorg in Suid-Afrika word die beginsel van vennootskap as grondslag en as uitgangspunt aanvaar.

Hierdie beginsels kan soos volg gestel word:-

* Die Staat en die indiwidu het op die gebied van pensioene elk sy deel om by te dra; en

* 'n gesonde balans word verkry deur die indiwidu en die Staat as vennote te beskou.

September (1990:10) is dit eens dat

"... pension, health and welfare is in the first instance the responsibility of the family, the community and the private sector".

Nieteenstaande alles wat vooraf genoem is, beklemtoon genoemde skrywer die probleem van ongeskiktheids- pensioen wat teweeggebring is deur 'n politieke ideologie.

## 2.15 Belasting

Elke persoon wat 'n inkomste verdien, word deur die Inkomstebelastingwet, No. 113 van 1993 verplig om belasting te betaal. Hierdie inkomste word gereken as belasbare inkomste.

Die Wet op belasting op toegevoegde waarde vereis dat 'n indiwidu of maatskappy hierdie belasting moet betaal soos deur die Minister van Finansies bepaal. Die leerling moet dus geörienteer word ten opsigte van sy verantwoordelikheid en die verpligtinge wat vir hom/haar wag na sy/haar skoolloopbaan.

By die inwerkingtreding van hierdie Grondwet(Suid-Afrika(Republiek). Regeringsvoorstelle oor 'n Handves van Fundamentele Regte, 1993) bly die Staatsinkomstefonds wat ingevolge artikel 81 van die vorige Grondwet ingestel is, voortbestaan totdat 'n Parlementswet, beoog in artikel 185(C1) wat die administrasie van die Nasionale Inkomstefonds voorskryf, aangeneem is.

Elke regeringsvlak moet oor 'n grondwetlike reg op 'n billike aandeel in inkomste wat op nasionale vlak ingevorder is, beskik ten einde te verseker dat die provinsies en plaaslike regerings in staat is om basiese dienste te verskaf en om die werksaamhede wat aan hulle toegeken is, uit te voer.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Daar moet in die Grondwet vir die onafhanklikheid en onpartydigheid van Staatsinkomste 'n Reserwebank, 'n Ouditeur-generaal en 'n Openbare Beskermer voorsiening gemaak word, en die Grondwet moet dit waarborg in die belang van die handhawing van doeltreffende openbare finansies en administrasie en 'n hoë standaard van professionele etiek in die staatsdiens.

## 2.16 Opvoedingsaangeleenthede

Wheeler (1983:36) gaan van die standpunt uit dat leerervaring nie noodwendig gemik is op slegs een doelstelling nie, dit kan byvoorbeeld ander doelstellings versterk. Die veronderstelling bestaan dat hoe 'n indiwidu leer en wat hy leer, slegs gevorm word deur die aktiwiteite en ervaringe waarin hy betrokke is in sy totale omgewing.

Die betrokkenheid van die leerder moet begin op 'n vlak wat binne die leerder se ervaring val en wat later tot op 'n abstrakte vlak kan ontwikkel.

Die leerder moet op die hoogte gehou word van sy vordering en hoe die handves sy regte beskerm en ook wat sy verpligtinge is as 'n burger teenoor die Staat. Terugvoering moet verband hou met amendemente van die handves en hier moet gelet word op die vordering in verhouding tot die doel wat bereik moet word (Coetzee, 1991:4).

Op gemeenskapsvlak word menseregte deur verskillende inrigtings in die gemeenskap bemiddel en dit is onderworpe aan politieke en ideologiese kragte in die gemeenskap. Op gemeenskapsvlak kan daar duidelik gesien word hoe verskillende regerings in hul verskillende formele en informele inrigtings menseregte onderrig om hulle gemeenskapsdoel-stellings en aspirasies te vorm. Die skool is nie net 'n plek waar die oordrag van kennis die primêre doel is nie, maar ook 'n plek van karakterinoefening en enkulturasie. Dit is 'n implisiete veronderstelling van opvoeding dat een van die beduidenste maniere om houdings en idees te bevorder deur die verwerwing van kennis is. By die meeste vlakke van die onderwys bestaan daar konflik tussen die leer van menseregte en opvoeding. Die voorsiening van 'n groter aanvaarbare handves van menseregte vir alle leerlinge sal hulp verleen vir die totstandkoming van 'n meer aanvaarde, aanvaarbare en tevrede gemeenskap.

Taylor (1993:49) meld dat menseregte-opvoeding 'n doelbewuste poging is om studente bewus te maak van hulle eie en ander se pligte en om hulle die verpligtinge in hierdie verband te laat nakom, byvoorbeeld die betaling van belasting. Dit het baie te make met menswaardigheid afgesien van ras, geslag, oortuigings, ensovoorts. Hy maak treffende opmerkings waarin hy uitwys waarom menseregte onderrig moet word. Menseregte moet onderig word:

* Om die indiwidu voor te berei vir 'n lewe in 'n pluralistiese samelewing;

* Vir die ontwikkeling van die verdraagsaamheid van verskille en

* om te groei in hulle eie menslikheid.

Verskeie opvoedkundiges en onderwysers, onder andere Goodlad (1966:9), Banks (1986:24), Lynch (1986:104), Gerver en Sgroi (1992:35) bepleit 'n verandering in skoolkurrikula, veral wat menseregte betref.

Hierdie gedagte sluit aan by Sharp (1959:112) wat aanvoer dat die tyd aangebreek het dat die kurrikulum beskou word as 'n voorbereiding vir die praktiese lewe soos dit vandag geleef word (Vergelyk: Pereira, 1993:34).

Daar kan gevra word dat waar in die kurrikulum moet menseregte ingepas word? Hier bestaan verskillende moontlikhede, naamlik:

* As 'n aparte vak.
* In Letterkunde, Geskiedenis, Godsdiensonderrig of Opvoedkundige leiding.
* Deurlopend, oral.

'n Probleem wat hier opduik is die "sillabus". Hier moet onderwysopleiding en indiensopleiding in oënskou geneem word.

Hoewel dit as uitgangspunt aanvaar word dat terwyl dit die plig van die Staat is om die welsyn, onderwys en opleiding van die gemeenskap te bevorder en derhalwe ook aan die georganiseerde maatskaplike sorg wat diè doel dien, geldelike steun te verleen, dit geensins as 'n uitgemaakte saak beskou kan word dat die Staat alle maatskaplike sorg, onderwys, opleiding en alle partikuliere welsynsorganisasies geldelik behoort te steun nie (Kelly, 1991:37).

Sanders (1993:3) som die dienste van die Staat soos volg goed op:

"What has been achieved to date concerning the services of the state is not an end in itself. Rather, it can be seen as the first steps in a process aimed at creating a partnership between the individual and state - based on honesty and open dialogue in matters of mutual interest such as safety, health and the environment".

'n Voortvloeisel hieruit is Artikel 10 van die Staatsdienswet:

**By die doen van 'n aanstelling of die vulling van 'n pos in die staatsdiens:**

Mag niemand wat vir die betrokke aanstelling, oorplasing, of bevordering kwalifiseer, begunstig of benadeel word nie.

Mag slegs die kwalifikasies, peil van opleiding, relatiewe verdienstelikheid, bekwaamheid en geskiktheid van die persone wat vir betrokke aanstelling, bevordering of oorplasing kwalifiseer en die voorwaardes voorgeskryf word of deur die Kommissie gelas word vir die doen van 'n aanstelling of die vulling van 'n pos oorweeg word.

D13/2000
A13/2000
C8/2000

# RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

## OMSENDBRIEF AAN ALLE PERSONEEL

## LOKAALBESPREKINGS EN VERWANTE SAKE

Neem asseblief kennis dat alle probleme ten opsigte van lokaalbesprekings, mediatoerusting, ligte, kragproppe, lugreëling ensovoorts by onderstaande sentrale koördineringspunt gerapporteer kan word:

☎ 2255 (kantoorure) Mev G Language ☎ 3150 (na-ure)

Hierdie reëling geld ten opsigte van die volgende lokale:

- Alle Lesinglokale
- D-Lab Kelder
- Grasafdak
- Alle Mikrorekenaarlaboratoria
- D3-Lab 401, 402 (Eksamenlokale)
- Sanlam Ouditorium
- Foyer
- E-Les Foyer

Besonderhede van die probleem sal onverwyld na die toepaslike afdeling gekanaliseer word.

Probleme wat tydens registrasie of by aanvang van lesings na vore kom (byvoorbeeld foute in die roosterkodeboek) en wat onmiddellike aandag verg, kan aangemeld word by mev Martie Bester (☎ 3328).

U samewerking word op prys gestel.

**PMS VON STADEN**
**REGISTRATEUR (AKADEMIE)**
2000-01-19
\mmb\Omsend\Foutaanm2K

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

# RAND AFRIKAANS UNIVERSITY

## CIRCULAR TO ALL STAFF

## BOOKING OF VENUES AND RELATED MATTERS

Please note that all problems regarding the booking of venues, media equipment, lights, power plugs, air-conditioning etc. may be reported to the following central coordination point:

☎ 2255 (office hours) Mrs G Language ☎ 3150 (after hours)

This arrangement applies to the following venues:

- All Lecture Halls
- D-Lab Basement (Kelder)
- RAU Lapa (Grasafdak)
- All Microcomputer Laboratories
- D3-Lab 401, 402 (Examination Halls)
- Sanlam Auditorium
- Foyer
- E-Les Foyer

The details of a problem will be channelled to the appropriate division.

Problems that arise during registration or at the start of lectures (for example errors in the Timetable Code Book) and that needs immediate attention, can be reported to Mrs Martie Bester (☎ 3328).

Your cooperation is appreciated.

**PMS VON STADEN**
**REGISTRAR (ACADEMIC)**
2000-01-19
\mmb\Omsend\Foutaanm2K

## 2.17 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar stilgestaan by wat die dienste is wat die Staat moet lewer en die indiwidu se verpligtinge teenoor die Staat met inageneming van opvoeding en menseregte. Daar word vervolgens stilgestaan by die vraag in watter mate die skool al leerlinge teen St. 10 al bewus gemaak het van die dienste van die Staat en die verpligtinge van die indiwidu teenoor die Staat.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

# *HOOFSTUK 3*

## ONTWERP VAN DIE VRAELYS EN DIE METODE VAN ONDERSOEK

### 3.1 Inleiding

Nadat daar in hoofstuk 1 en 2 'n redelike breedvoerige uiteensetting van die verpligtinge van die indiwidu en die dienste van die Staat ten opsigte van opvoeding tot menseregte gegee is, word daar in hierdie hoofstuk oorgegaan tot die bespreking van die ontwerp van die vraelys en die empiriese uitvoering van die navorsing verbonde aan hierdie studie.

### 3.2 Steekproef

Op'n ewekansige wyse is vier en twintig skole uit vier en vyftig skole in die ondersoek betrek. Daar is gestratifiseer ten opsigte van taal in 'n verhouding van Afrikaans:Engels van 1:1. Daar is besluit op 10 Afrikaanse hoërskole en 10 Engelse hoërskole wat geressorteer het onder die departement Onderwys en Kultuur van die Volksraad asook 2 Afrikaanse en 2 Engelse hoërskole wat geressorteer het onder die gewese Raad van Verteenwoordigers uit die Witwatersrand streek.

Die universum is bepaal as die Witwatersrand vanaf Westonarea tot Springs met inagneming van die uitvoerbaarheid, koste, tyd en praktiese oorwegings daaraan verbonde. Die ondersoek span was genoodsaak om slegs St. 10-leerlinge en die onderwysers en onderwyseresse van die getrekte skole by die ondersoek te betrek. Dit sou moontlik wees om die totale populasie in die ondersoek te betrek, maar aangesien 'n verteenwoordigende steekproef van die populasie die moontlikheid daarstel om 'n redelik getroue weergawe van die mening van die respondente te bekom, is op die steekproeftrekking van die verskillende skole besluit. So is ook op die trekking van een klas per getrekte skool besluit.

### 3.3 Identifisering van die respondente/Ondersoekgroepe

Die respondent wat geïdentifiseer is, moes 'n relevante uitspraak kon lewer oor die mate waarin die skoolkinders teen St. 10 al daarop gewys is dat 'n indiwidu regte en verpligtinge het teenoor die Staat. Daar is besluit op die St. 10-leerlinge en onderwysers omdat hulle die persone is wat al 'n redelike beeld het betreffend "hoeveel" leerlinge weet van die indiwidu teen ongeveer die tyd wanneer hulle die skool verlaat. Matriekleerlinge is persone wat besig is om hulle skoolloopbaan af te sluit en hulle sal beweeg in 'n arbeidsveld of studierigting wat baie vereistes aan hulle sal stel.

Hulle is die persone wat die beste uitspraak sal kan lewer oor die verskillende fasette rakend opvoeding en menseregte soos dit tydens hulle skoolloopbaan aan hulle oorgedra is.

## 3.4 Die Navorsingsinstrument

### 3.4.1 Vraelysontwerp

Die vraelys vir die ondersoek is ontwerp met inagneming van opvoedkundige beginsels en dit bevat agt en sewentig vrae wat die hele projek (en al die subprojekte) dek. Gemelde vrae is saamgestel na aanleiding van die aspekte wat aan die hand van 'n literatuurstudie na vore gekom het. Die vraelys is ook opgestel om 'n breë perspektief van fasette wat menseregte beïnvloed, te laat figureer. 'n Vraelys het geblyk die aangewese keuse te wees. Die volgende ses vrae word gemotiveer deur die tema, Opvoeding en menseregte - die dienste van die Staat en die verpligtinge van die indiwidu teenoor die Staat.

Vraag 1

In watter mate het die skool kinders teen St. 10 al daarop gewys dat 'n mens belasting moet betaal?

Die vraag probeer vasstel in watter mate die St. 10-leerlinge bewus gemaak is dat die indiwidu belastingpligtig is. Verskillende belasting soos in 2.15 bespreek, word hier onder die vergrootglas geplaas.

Vraag 13

In watter mate het die skool kinders teen St. 10 al daarop gewys dat die landswette gehoorsaam moet word?

Vraag dertien is daarop gemik om vas te stel of matriekleerlinge daarvan bewus gemaak is dat hulle die landswette gehoorsaam moet wees. Die noodsaaklikheid van die vraag is onder 2.4 breedvoerig bespreek.

Die respondent lewer ook 'n bydrae om deur sy antwoord die relevansie in die konkretisering van gehoorsaamheid van landswette soos in die handves van menseregte voltrek word, gedurende die voltooiing van die vraag te evalueer (vergelyk 2.4).

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Vraag 25

In watter mate het die skool kinders teen St. 10 al daarop gewys dat 'n mens op beskerming deur die Staat aanspraak kan maak (byvoorbeeld, deur effektiewe polisiëring)?

Vraag vyf en twintig is gestel om vas te stel in watter mate leerlinge teen ongeveer die tyd wanneer hulle hul skoolloopbane beëindig, bewus gemaak is dat hulle op die beskerming van die Staat aanspraak kan maak (Vergelyk 2.3 en 2.12).

Vraag 36

In watter mate het die skool kinders teen St. 10 al daarop gewys dat die Staat sekere dienste aan sy burgers moet lewer (byvoorbeeld, basiese gesondheidsdienste)?

Onder vraag ses en dertig word die respondent se denkvermoë geprikkel om te dink oor die verskillende dienste wat die Staat aan sy burgers moet lewer. Die vraag kan die respondent ook lei aangaande sy toekomstige beroep of toekomstige studierigting (vergelyk 2.13).

Vraag 48

In watter mate het die skool kinders teen St. 10 al daarop gewys dat 'n mens sekere administratiewe pligte het, byvoorbeeld, om geboortes en sterftes te registreer of om 'n motorvoertuig te lisensieer?

Die administratiewe pligte van die indiwidu word in vraag agt en veertig onder die aandag van die respondent gebring want hy is op die weg na volwassenheid. Hier kan hy 'n oordeel vel oor die administratiewe pligte waarvan die skool die indiwidu al bewus gemaak het teen ongeveer die tyd wanneer hy/sy skool verlaat (vergelyk 2.6).

Vraag 60

In watter mate het die skool kinders teen St. 10 al daarop gewys dat 'n mens as landsburger op pensioen geregtig is (ongeskiktheid of ouderdom)?

In vraag sestig word daarop gelet in watter die mate kind deur die skool daarvan bewus gemaak is dat as hy as landsburger ongeskik verklaar word deur 'n distriksgeneesheer of 'n sekere ouderdom bereik het, hy/sy geregtig is om aansoek te doen vir 'n pensioen, ongeskiktheids of ouderdom (vergelyk 2.14).

### 3.4.2 Biografiese gegewens rakende respondente

Biografiese besonderhede van die respondent is ingewin om spesifieke groepe daar te stel waardeur vergelykings ten opsigte van menseregte van groepe bepaal kan word. Hierdie biografiese besonderhede sluit die volgende in: geslag, beroep, ouderdom, moedertaal, onderrigtaal/medium, godsdienstige verbintenis, onderwyskwalifikasies, onderwyservaring en nuusgebeure.

Die vraelys wat gemik is op standerd tien leerlinge met insette van die betrokke onderwysers is voorberei vir voltooiing gedurende Maart 1994. Onderwysers het in hierdie stadium alreeds die klasaktiwiteite, leerlinghandelinge van die vorige jare geperseptualiseer en die meerderheid kon dus vanuit 'n gevestigde perspektief op die vrae in die vraelys reageer.

**Die vraelys as meetinstrument het die volgende voordele (RAU, 1984:38):**

* Relatiewe lae koste.
* Groot groepe kan betrek word.
* Informasie kan maklik geïnterpreteer word.
* Elke vraag word beantwoord.

### 3.5 Betroubaarheid van die vraelys

Die betroubaarheid van 'n meetinstrument verwys na die konsekwentheid waarmee dit meet wat dit veronderstel is om te meet, (Huysamen, 1986:23) Dit bring mee dat daarop staatgemaak kan word (vergelyk Gouws, 1979:35). Uit die respondente se antwoorde kan afgelei word dat die vraelys wat gebruik is, wel betroubaar is.

### 3.6 Die Ontwerp van 'n SKALINGSTEGNIEK

Die skalingstegniek is gekies op grond van die volgende voordele verbonde daaraan:

* Elke vraag kan op eie meriete deur die respondent geweeg word.

* Hierdie skalingstegniek is gekies aangesien die gebruik van 'n groter spektrum van statistiese tegnieke daardeur moontlik is.

* 'n Vyfpuntskaal is gekies aangesien respondente daardeur in staat gestel word om 'n redelike fyn nuanses van hulle oordele uit te spreek.

* Al die vrae is in dieselfde formaat geformuleer en dieselfde ankerpunte is telkens vir elke vraagitem gekies, omdat die respondent dit makliker sal verstaan.

* Respondente kan hul oordele uitspreek vanaf 'n nulpunt,op 'n skaal van ''glad nie'' tot '''n hoë mate''.

## 3.7 Die Empiriese ondersoek

### 3.7.1 Verlof vir die ondersoek

Die hoofde van die gekose skole is genader en hulle vrywillige samewerking is verkry. Die vraelyste is deur 'n lid van die projekspan aan die hoof van die skool besorg vir uitdeling aan die betrokke St. 10-klas en aan alle onderwysers. 'n Datum is bepaal waarop die voltooide vraelyste weer afgehaal sou word by die skool.

### 3.7.2 Die verloop van die ondersoek

In die algemeen is goeie samewerking van die leerlinge, onderwysers en hoofde verkry. In enkele gevalle was dit nie moontlik om die data by die geselekteerde skole in te samel nie as gevolg van 'n verskeidenheid van omstandighede. 'n Volgende skool is dan ewekansig getrek vanuit die spesifieke stratum.

### 3.7.3 Verwerking van data

Getallegewys is eenduisend ses honderd vyf en dertig vraelyste uitgedeel.

Eenduisend vier honderd en twee vraelyste is terug ontvang dit wil sê ses en tagtig persent. By ontvangs van die vraelyste is elke vraelys vir bruikbaarheid en volledigheid gekontroleer. Nege en veertig vraelyste was onbruikbaar weens onvolledigheid. Ses honderd en veertig van die onderwysers se vraelyste en sewehonderd-en-dertien van die leerlinge se vraelyste was bruikbaar.

Hierna is die response op die rekenaar ingesleutel en die statistiese verwerking is deur die Statistiese konsultasiediens by RAU verwerk. Voordat verwerkings gedoen is, is die data eers ontfout.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

## 3.8 Hipoteses

In hoofstuk 4 sal die hipoteses vir elkeen van die items wat in hierdie ondersoek gebruik word, volledig gestel word.

## 3.9 Samevatting

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan die ontwerp en verloop van die empiriese navorsing. Die verkreë resultate en die wyse van verwerking van hierdie gegewens word in die volgende hoofstuk bespreek.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

## 4.1 Inleiding

In hoofstuk 2 is 'n teoretiese studie gemaak van 'n aantal handveste van menseregte om uit te lig watter dienste deur die Staat gelewer word en watter regte en verpligtinge die indiwidu en die Staat teenoor mekaar het. In hoofstuk 3 is die navorsingsontwerp en die navorsingsvraelys gestel. Daar word voortgegaan om die verloop van die empiriese analise te bespreek. Hipoteses word eers gestel wat verband hou met die ondersoek. Daarna word die hipoteses getoets deur statistiese ontleding van die data.

## 4.2 Beskrywende Analise

### 4.2.1 'n Beskrywende analise rakend die biografiese besonderhede

Uit 'n totaal van 1 353 respondente was 515 (38%) mans teenoor 838 (62%) dames. Die respondente het ook bestaan uit 640 (47%) onderwysers en 713 (53%) matrikulante. Die grootste hoeveelheid respondente 1 153 (85%) was verbonde aan 'n Christelike kerk. Ten opsigte van die onderwysers se kwalifikasie beskik 252 (40%) onderwysers oor'n onderwysdiploma en 223 (35%) oor'n nagraadse kwalifikasie. Die Afrikaanssprekende respondente was in die meerderheid (61%) teenoor die Engelssprekendes (39%).

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Verder het dit aan die lig gekom dat slegs 36 (5%) van die totale 713 matrikulante deur iemand anders as hulle ouers versorg word.

Ten opsigte van die onderwysers se ouderdomme het 267 onderwysers (42%) in die kategorie 26 to 35 jaar geval. Die kleinste groep van 102 onderwysers (16%) het in die kategorie ouer as 46 jaar geval.

Wat die betrokkenheid van die respondente by nuusgebeure betref het dit geblyk dat radionuus deur 41% van die respondente en TV-Nuus deur 42% van die respondente vir die voorafgaande week gekyk of geluister is. TV-Nuus blyk die gewildste manier te wees waarop informasie op hierdie gebied bekom word. Slegs 91 (7%) respondente het glad nie TV-Nuus gekyk nie en 16% het glad nie na radionuus geluister nie.

Wat koerant lees betref het 454 (34%) respondente 1-2 keer daardie voorafgaande week koerant gelees terwyl 188 (14%) nie koerant gelees het nie. Wat vakgebiede betref is die grootste hoeveelheid onderwysers betrokke by die onderrig van tale en die natuurwetenskappe, onderskeidelik 32% en 27%. Ten opsigte van onderwyservaring het die meeste onderysers (54%) tien jaar of minder onderwyservaring. 46% van die onderwysers het 11 jaar en meer ervaring gehad.

## 4.3 Geldigheid

Die items is voorgelê aan 'n Regsgeleerde en Politieke wetenskaplike om die siggeldigheid te bevestig van die vraelys en dit is goedgekeur deur albei.

## 4.4 Hipotesestelling

In hierdie ondersoek word hipoteses gestel ten opsigte van die 6 items (gesamentlik) aangaande die dienste van die Staat en die verpligtinge van die indiwidu teenoor die Staat as aspek van opvoeding tot menseregte. Die hipoteses is geformuleer in ooreenstemming met die statistiese tegnieke wat gebruik sal word om die data te ontleed en die hipoteses aan te toets. By die vergelyking van twee groepe is meerveranderlike verskille deur middel van Hotteling se T-kwadraattoets op al 6 items gesamentlik ondersoek (Finn, 1974:315).

Waar statisties beduidende meerveranderlike verskille gevind is, is enkelveranderlike verskille verder ondersoek deur gebruik te maak van die student se t-toets (Tabel 4.1).

Wanneer drie of meer groepe vergelyk word, is meer veranderlike verskille gesamentlik ondersoek met behulp van 'n eenrigting MANOVA (Meerveranderlike Analise van Variansie). In gevalle waar meerveranderlike verskille voorgekom het is enkel veranderlike verskille deur middel van ANOVA (Analise van Variansie ) en die Scheffé-toets ondersoek. Waar statisties beduidende verskille te vinde is word die Scheffé-toets gebruik om aan te toon tussen welke twee groepe daar statisties beduidende verskille is (paarsgewys vergelyk). Dit is toegepas ten opsigte van die genoemde ses items van die dienste van die Staat en die indiwidu se verpligtinge teenoor die Staat. Hierdie hipoteses verskyn in Tabel 4.2.

Hierdie twee stelle hipoteses dek die ontledings van die empiriese data van al die tabelle wat verder in hierdie verslag voorkom.

4.5 'n Beskrywende analise van opvoeding tot menseregte: die dienste van die Staat en die verpligtinge van die indiwidu teenoor die Staat word eerstens aangebied om aan te toon hoe die sestal items deur die totale respondente in rangorde geskaal is.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

TABEL 4.1

**ALGEMENE HIPOTESE TEN OPSIGTE VAN MEERVERANDERLIKE EN ENKELVERANDERLIKE GETOETS MET HOTTELING SE T-KWADRATE EN STUDENTE**

| Dimensie | Veranderlike | Simbool | Beskrywing | Toets |
|---|---|---|---|---|
| Meerveranderlike analise | Groepe (leerlinge en hoedanigheid, ouderdom, kerkverwant, onderwyskwalifikasie, voogde taal, onderrrigtaal | $H_oT$ | Die vektore van die gemiddelde itemtelling van die vergelykte tweegroepe verskil nie statisties beduidend van mekaar ten opsigte van:<br>* belastingpligtigheid en<br>* landswette gehoorsaamheid en<br>* aanspraak op beskerming en<br>* die Staat se dienste en<br>* administratiewe pligte en<br>* pensioen geregtigheid gesamentlik getoets nie. | Hotteling se T-kwadrant |
| | | $H_aT$ | Die vektore van die gemiddelde vergelykte twee groepe verskil statisties beduidend van mekaar<br>* items soos in $H_oT$ vervat gesamentlik getoets. | |
| Enkelveranderlike analise | Groepe (Leerlinge en hoedanigheid, ouderdom, onderwyskwalifikasie, voogde | $H_oT$ | Die gemiddelde itemtelling van die vergelykte tweegroepe verskil nie statisties beduidend van mekaar ten opsigte van elk van die volgende items nie:<br>* belastingpligtigheid en<br>* landswette gehoorsaamheid en<br>* aanspraak op beskerming en<br>* die Staat se dienste en<br>* administratiewe pligte en<br>* pensioen geregtigheid. | Student t-toets |
| | | $H_at$ 1 | Die gemiddelde itemtelling van die eerste groep is statisties beduidend hoër as die tweede groep ten opsigte van elk van die volgende items:<br>* Items soos in $H_ot$ vervat. | |
| | | $H_at$ 2 | Die gemiddelde itemtelling van die eerste groep is statisties beduidend laer as die tweede groep ten opsigte van elk van die volgende items:<br>* Items soos in $H_ot$. | |

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

TABEL 4.2

ALGEMENE HIPOTESE TEN OPSIGTE VAN DRIE OF MEER VERANDERLIKE EN ENKELVERANDERLIKE GROEPE GETOETS MET MANOVA, ANOVA EN SCHEFFé

| Dimensie | Veranderlike | Simbool | Beskrywing | Toets |
|---|---|---|---|---|
| Meerveranderlike analise | Ouderdom, onderrigtaal, nuusgebeure, onderwyservaring, onderwyskwalifikasie | $H_oM$ | Die vektore van die gemiddelde itemtelling van die vergelykte groepe (meer as twee) verskil nie statisties beduidend van mekaar<br>* belastingpligtigheid en<br>* landswette gehoorsaamheid en<br>* aanspraak op beskerming en<br>* die Staat se dienste en<br>* administratiewe pligte en<br>* pensioen geregtigheid<br>gesamentlik getoets nie. | Eenrigting MANOVA |
| | | $H_aM$ | Die vektore van die gemiddelde vergelykte twee groepe verskil statisties beduidend van mekaar ten opsigte van hul:<br>* items soos in $H_oT$ vervat gesamentlik getoets | |
| Enkel veranderlike analise | Ouderdom, onderrigtaal, nuusgebeure, onderwyservaring, onderwyskwalifikasie | $H_oA$ | Die gemiddelde itemtelling van die vergelykte tweegroepe verskil nie statisties beduidend van mekaar ten opsigte van elk van die volgende items nie:<br>* belastingpligtigheid en<br>* landswette gehoorsaamheid en<br>* aanspraak op beskerming en<br>* die Staat se dienste en<br>* administratiewe pligte en<br>* pensioen geregtigheid. | Eenrigting ANOVA |
